BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Dinsdag 24 Junie 1980 — WINDHOEK — Tuesday 24 June 1980 — No. 4188

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. AG. 70 Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Proklamasie op Burgerlike Beskerming, 1978 — 1

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 70 Regulations Made Under the Civil Defence Proclamation, 1978 — 1

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 70 — 1980

REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE PROKLAMASIE OP BURGERLIKE BESKERMING, 1978

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 8 van die Proklamasie op Burgerlike Beskerming, 1978 (Proklamasie AG. 54 van 1978), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Proklamasie" die Proklamasie op Burgerlike Beskerming, 1978 (Proklamasie AG. 54 van 1978).

*Onbevoegdheid van persone om werksaamhede met betrekking tot burgerlike beskerming te verrig*

2. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), is niemand bevoeg om enige werksaamheid waarvoor die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979 (Ordonnansie 3 van 1979), voorsiening maak, te verrig nie, indien hy —

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 70 — 1980

REGULATIONS MADE UNDER THE CIVIL DEFENCE PROCLAMATION, 1978

The Administrator-General has, under section 8 of the Civil Defence Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 54 of 1978), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Definitions*

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise "the Proclamation" means the Civil Defence Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 54 of 1978).

*Persons not competent to perform functions relating to civil defence*

2. (1) Subject to the provisions of subregulation (2), no person shall be competent to perform any function provided for in the Civil Defence Ordinance, 1979 (Ordinance 3 of 1979), if he —

(a) 'n lid is van die Suid-Afrikaanse Polisie, die polisiereserwe of die Reserwepolisiemag, soos in die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), bedoel;

(b) 'n lid is van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag, soos in artikel 57(1) van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), bedoel;

(c) 'n lid is van die Gevangenisdiens, soos in artikel 1 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959) bedoel;

(d) behoudens artikel 6(a) van die Proklamasie, 'n lid is van die Suid-Afrikaanse Weermag, soos in artikel 5 van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), bedoel;

(e) 'n lid is van die Staandemagreserwe, soos in artikel 47 van genoemde Verdedigingswet, 1957, bedoel: Met dien verstande dat die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag na goeddunke 'n lid van genoemde Reserwe beskikbaar kan stel om enige werksaamheid waarvoor genoemde Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979, voorsiening maak, te verrig;

(f) 'n lid is van die Reserwe van Offisiere, die Burgermagreserwe of die Kommandoreserwe, soos in onderskeidelik artikels 46, 48 en 48A van genoemde Verdedigingswet, 1957, bedoel, en wat vir 'n tydperk van minder as vyf jaar in so 'n Reserwe gedien het: Met dien verstande dat die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag na goeddunke en indien die operasionele werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Weermag aldus vereis, kan verklaar dat 'n lid of 'n kategorie van lede wat meer as vyf jaar in so 'n Reserwe gedien het, nie bevoeg is om enige werksaamheid waarvoor genoemde Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979, voorsiening maak, te verrig nie;

(g) 'n lid is van 'n hulpdiens wat kragtens artikel 80 van genoemde Verdedigingswet, 1957, vir die doeleindes van die Suid-Afrikaanse Weermag of enige deel daarvan ingestel en aangewys is;

(h) 'n werknemer is soos in artikel 1 van die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968 (Wet 57 van 1968), omskryf, en wat krygstuig, soos aldus omskryf, vervaardig, herstel of in stand hou of wat 'n werksaamheid verrig van die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika, Beperk, kragtens artikel 2 van genoemde Wet ingestel: Met dien verstande dat die Hoof-Uitvoerende Beampte van die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika, Beperk, na goeddunke enige sodanige werknemer of kategorie van werknemers beskikbaar kan stel om enige werksaamheid waarvoor genoemde Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979, voorsiening maak, te verrig;

(a) is a member of the South African Police, the Police Reserve or the Reserve Police Force, referred to in the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958);

(b) is a member of the South African Railway Police Force referred to in section 57(1) of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidated) Act, 1957 (Act 70 of 1957);

(c) is a member of the Prison Service, referred to in section 1 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959);

(d) subject to section 6(a) of the Proclamation, is a member of the South African Defence Force referred to in section 5 of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957);

(e) is a member of the Permanent Force Reserve referred to in section 47 of the said Defence Act, 1957: Provided that the Chief of the South African Defence Force may in his discretion make available any member of the said Reserve to perform any function provided for in the said Civil Defence Ordinance, 1979;

(f) is a member of the Reserve of Officers, the Citizen Force Reserve or the Commando Reserve referred to in sections 46, 48 and 48A respectively of the said Defence Act, 1957, and who has served in such a Reserve for a period of less than five years: Provided that the Chief of the South African Defence Force may in his discretion and if the operational functions of the South African Defence Force so require, declare that a member or a category of members who has served for more than five years in such a Reserve, shall not be competent to perform any function provided for in the said Civil Defence Ordinance, 1979;

(g) is a member of an auxiliary service established and designated under section 80 of the said Defence Act, 1957, for the purposes of the South African Defence Force or any portion thereof;

(h) is an employee defined in section 1 of the Armaments Development and Production Act, 1968 (Act 57 of 1968), and who manufactures, repairs or maintains armaments so defined or who performs any function of the Armaments Corporation of South Africa, Limited, established under section 2 of the said Act: Provided that the Chief Executive Officer of the Armaments Corporation of South Africa, Limited, may in discretion make available any such employee or category of employees to perform any function provided for in the said Civil Defence Ordinance, 1979;

(i) 'n lid is van die Nasionale Intelligensiediens, soos in artikel 3 van die Wet op die Buro vir Staatsveiligheid, 1978 (Wet 104 van 1978), bedoel: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal: Nasionale Intelligensiediens na goeddunke enige sodanige lid of kategorie van lede beskikbaar kan stel om enige werksaamheid waarvoor genoemde Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1979, voorsiening maak, te verrig;

(j) 'n persoon is wat in 'n voltydse burgerlike hoedanigheid in die Suid-Afrikaanse Weermag dien.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie op 'n werknemer van die raad van enige munisipaliteit wat gestig of ingestel is, of beskou word gestig of ingestel te wees ingevolge die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), enige dorpsbestuur wat ingestel is, of beskou word ingestel te wees ingevolge die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970).

(i) is a member of the National Intelligence Service referred to in section 3 of Bureau for State Security Act, 1978 (Act 104 of 1978): Provided that the Director-General: National Intelligence Service may in his discretion make available any such member or category of members to perform any function provided for in the said Civil Defence Ordinance, 1979;

(j) is a person serving in a full-time civilian capacity in the South African Defence Force.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not apply to an employee of the council of any municipality established or constituted, or deemed to be established or constituted, in terms of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), any Village Management Board constituted, or deemed to be constituted under the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or the Peri-Urban Development Board established in terms of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970).

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa